

22 Julie

Genesis 1:6-8; Job 37:14-24

Het die reën 'n vader?

Die tweede skeppingsdag breek aan. Die Argitek van hemel en aarde sit sy kunstige skeppingswerk voort. God het gesê: Laat daar 'n uitpansel wees tussen die waters. Op God se bevel kom die uitpansel in plek. 'n Groot koepel word soos 'n tent oor die aarde uitgespan. In gewone taal verwys ons daarna as die blou lug. Tegnies word dit genoem die atmosfeer, die osoonlaag. God noem die uitpansel hemel. Nee, nie die hemel van Genesis 1:1, God se troonsaal waar alles getuig van sy mag en majesteit, nie. Die uitpansel-hemel is - om dit eenvoudig te stel - slegs die vloer van God se hemel (Op 4:6).

Vir al die lewende wesens op aarde is die uitpansel-hemel 'n lewensnoodsaaklike wonderwerk. Die uitpansel maak dat daar tussen die boonste waters en die onderste waters 'n vaste ruimte vir suurstof is. Tegelyk hou dit die wolkemassas in die lug. Met hierdie wonderwerk word Job gekonfronteer. Wie is dit wat die weerlig laat flikker? Wie verstaan die gesweef van wolke? Wie anders as Hy wat die hemel gegiet het soos 'n spieël? Ons hemelse Vader skep op die tweede dag die asem vir mens en plant en dier. Daarby monteer Hy krane in die hemelruim. Krane wat die val van reën en hael en sneeu perfek beheer.

God die Vader is groot, oneindig groot. Geen asemteug is vanselfsprekend nie.

Sing: Psalm 104:8-10

Ds. GJ. Meijer (Wonderboompoort)